UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSC
30 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. 1, No. 2

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
19 Junie 1959.

## Skole in die Oostelike Woonbuurte

Die fotogrammetriese kartering van die munisipale gebied is nou voltooi en voortaan sal die beplanning van nuwe uitbreidings baie makliker kan geskied.

Die Raad het onlangs 'n petisie van ouers in die oostelike gebiede ontvang waarin die versoek gestel word dat daar vroegtydig 'n terrein vir 'n primêre skool beskikbaar gestel word. Die Raad se landmeter is reeds verlede jaar versoek om met die beplanning voort te gaan. Die Skoolraad het by 'n vorige geleentheid die Stadsraad versoek om ook vir 'n hoër- en voorbereidende skool in daardie geweste voorsiening te maak. Die saamgroepering van skole aan die suidekant van die rivier het 'n onuithoudbare toedrag van sake laat ontstaan vir sover dit verkeersreëling betref, en ondanks die feit dat twee nuwe fiets- en voetgangerbrûe by Helderberg- en Krigestrate gebou gaan word, sal ander reëlings getref moet word om die verkeersprobleem op te los. Die vooruitsig is daar dat die vernaamste uitbreiding van woonbuurte in die oostelike rigting gaan wees, en gevolglik is dit onvermydelik dat skole ook in daardie gebied gebou word.

## Parkeergeriewe by Stadhuis

Met die verloop van tyd het hierdie probleem ook al groter geword. Die Raad stel dit egter in die vooruitsig om 'n parkeergebied agter die Stadhuis te open. Feitlik al die private eiendomme in hierdie blok is reeds bevries, en dis die Raad se voorneme om hulle geleidelik aan te koop en om die geboue te verwyder. Die skema sal geld kos, maar dis nie onmoontlik nie dat 'n deel van die uitgawe mettertyd verhaal kan word by wyse van 'n subsidie van die Provinsiale Administrasie en 'n ontwikkelingsheffing op eiendomme in die gebied wat onmiddellike voordeel uit die geriewe sal trek. Die Provinsiale Administrasie is besig met die uitwerk van 'n formule.

## Afsonderlike Bestuursliggame vir Kleurlinggebiede

Ek het in 'n vorige rubriek reeds melding gemaak van die Kommissie van Ondersoek wat deur die Administrateur aangestel is. Alle plaaslike owerhede is uitgenooi om kommentaar te lewer. Sedertdien het die Raad dan ook 'n spesiale vergadering gehou om oor die skema te beraadslaag, maar sy mening is dat dit nouliks moontlik is om 'n konstruktiewe opinie uit te spreek tensy die finansiële implikasie by benadering vasgestel kan word. Om dit te kan doen, is dit noodsaaklik om te weet watter terrein ontwikkel moet word. Die koste van dienste staan in noue verband met afstande en die aard van die terrein. Dan is dit ook nog nie bekend wat die aard en omvang van die voorgestelde bestuursliggaam vir die Kleurlinggebied sal wees nie.

Die onderhandelinge met die Groepsgebiederaad oor die afbakening van die gebiede vir die verskeie bevolkingsgroepe strek reeds oor 'n hele aantal jare, en nog is daar geen beslissing gegee nie. Hierdie feit maak dit onmoontlik vir die Stadsraad om met enige beplanning voort te gaan. Ons kan maar net die vrome hoop uitspreek dat daar vanjaar 'n finale besluit geneem sal word.

## Stadsraad wen Appél

Vroeër vanjaar het die Raad in 'n regsgeding gewikkel geraak as gevolg van 'n eis van Milton Hani van Kaya Mandi dat 'n sekere handelslisensie aan hom uitgereik word. Die plaaslike landdros het ten gunste van die Raad uitgewys, maar Hani het die saak na die Hooggeregshof geneem en daar gewen. Die Raad het appél aangeteken en berig is so pas ontvang dat die uitspraak nou ten gunste van die Raad is, asook dat die verweerder die koste moet dra.

---

Mayor's Parlour,

26th June, 1959.

## Campaign against Fruit Pests:

Recently I referred to this matter. The question had been raised whether the Council could do anything to combat fruit pests within the municipal area. Advice has now been received from the local Fruit Research Institute which makes it clear that a systematic and effective campaign would require a full-time organisation which may involve an annual expenditure between £1,000 and £2,000 per year. The insecticides used nowadays are highly poisonous and would create a serious danger to human beings and animals.

As pointed out by the Council at the time, this is not a health service for which a local authority is responsible

normally, and in any case any municipality would hesitate to embark on a scheme involving such a high cost and a very real risk of loss of life. The problem is common to the whole Western Province and alsewhere, and unless concerted action could be devised, individual efforts would not be of any use. It is clear, therefore, that we are not in a position to accept responsibility for this service.

## Visitors' Permits: Wemmershoek Dam:

I am pleased to announce that permits to visit the Wemmershoek Dam may now be obtained from the Town Treasurer.

## Museum for Africana:

The Council has periodically considered the question whether provision could be made for an Africana Museum in Stellenbosch. We are aware of the fact that invaluable material could be collected locally, but the problem of providing suitable housing could thus far not be solved. To erect a new building for this purpose would be costly, but I am confident that this difficulty could be surmounted if the Council should succeed to acquire the Bloemhof property at the back of the Town Hall. We hope to conclude the negotiations in the course of this year.

## Coloured Library, Idas Valley:

At its meeting on the 23rd instant, the Council accepted tenders for the furniture and other equipment for the new Coloured library. If good progress is made, we anticipate that the library will be functioning towards the end of the year.

## Rifle Range, Valley Lustre:

The Department of Defence has already commenced with the construction of the .303 rifle range in Valley Lustre. The scheme was approved some years ago, but due to a lack of funds, its implementation was delayed. We hope that it will also be possible to make provision for a small bore rifle range on the same site.

## Preservation of Dorp Street:

After lengthy negotiations with the Provincial Administration, the proposals of the Council for the control of building construction work in Dorp Street have now been approved. The new rules are incorporated in the town planning regulations, and copies will be sent to all local architects and building contractors. The efforts of the Council are directed towards the preservation of the historical character of the older parts of the town, and it trusts to have the co-operation of all owners, architects and contractors. It is probable that the area subject to special control will be extended in due course.

Burgemeesterskantoor,
3 Julie 1959.

## Milton Hani teen Munisipaliteit

Verlede week het ek myself en my kollegas gelukgewens met die feit dat die provinsiale appélhof hierdie saak ten gunste van die Raad uitgewys het. Nou verneem ons dat Hani die geding na die appélhof in Bloemfontein wil voer. Hierdie geval kan wel dien as aanduiding van die ingewikkelde prosesse waaraan 'n plaaslike owerheid telkens blootgestel word, 'n ewige bedreiging wat genoegsaam is om menige stadsraad af te skrik. Drie regsbanke het reeds beslissings gevel, en nog is het einde niet.

## Gemengde Gehore in Stadsaal

Oor die afgelope maand of twee is daar heelwat gehoor van argumente teen en vir gemengde gehore in die Stadsaal. Dié uitdrukking kan egter 'n mate van verwarring onder die publiek skep. Daar word bedoel dat kleurlinge tot die galery toegelaat moet word vir 'n besondere geleentheid, terwyl die blankes onder sit. Dis 'n reëling wat in die verlede af en toe toegepas is, vir sover ek weet sonder enige probleme. Die geval wat nou ter sprake was, gaan om 'n toneelopvoering deur kleurlingkunstenaars. Nou is die vraag onder andere gestel of 'n blanke gehoor wat na 'n kleurlingopvoering sit en kyk, met reg beswaar kan maak dat 'n kleurling-gehoor na 'n ander deel van die saal toegelaat word. Die debat op hierdie stadium het betrekking op 'n suiwer hipotetiese geval omdat daar nog geen spesifieke aansoek ontvang is nie. Die vraag is maar net gestel wat die Raad se houding sou wees indien daar binnekort so 'n aansoek kom, en sy besluit was dat hy nie beswaar sou opper nie, mits die apartheidsmaatreëls streng uitgevoer word.

## Kollektes van Huis tot Huis

Ek wil weer die publiek beleefd daarop attent maak dat openbare kollektelyste die goedkeuringstempel van die Raad moet dra. Diegene wat versuim om dit te doen, kan hulself in ernstige moeilikhede beland.

## Aanplanting van Straatbome

Die afdeling Bosbou is nou besig om straatbome aan te plant, en lede van die publiek word uitgenooi om so gou doenlik *skriftelik* met die Stadsklerk in verbinding te tree as hulle enige wenke aan die hand wil doen. Die planttyd duur nie lank nie.

## Gebruik van Openbare Parke en Terreine

Die vraag of kinders toegelaat moet word om op openbare terreine soos die Braak rond te baljaar, en of volwas-

senes daar mag rondstaan of rondlê of slenter, is een waaroor min mense met mekaar saamstem. As daar 'n tuin aangelê word, dan weet almal hulle moet daaruit bly. 'n Grasperk sonder meer is al klaar 'n duidelike uitnodiging, en nog daarby, wat is nou eintlik die doel van so 'n oop terrein? Dis maklik genoeg om die een of ander terrein vir 'n bepaalde bevolkingsgroep af te sonder en om toe te sien dat 'n ander groep nie daarvan gebruik maak nie. Maar nou moet 'n mens beperkings oplê en kennisgewings aanbring, min of meer in die volgende trant: gij zult niet voetbal spelen, of spuwen is verboden, en so meer. Hoeveel strepe sal ons moet trek? Geen verbod het enige betekenis tensy jy dit met behulp van die gereg effektief kan afdwing nie, en dit sou aardig wees om te sien watter soort hofsaak so 'n „oortreding" sal afgee.

## Persoonlik

Mnr. B. D. Cronje het op 30 Junie afgetree as stadsaalopsigter nadat hy in 1941 hier in diens getree het. Daar is seker min mense in Stellenbosch aan wie hy nie goed bekend is nie. Hy is nou reeds 71 jaar oud, en die Raad vertrou dat hy en sy gade 'n rustige en bekommernisvrye toekoms sal hê. Hulle verdien dit terdeë. Vir die diens aan die Raad en die publiek is ons mnr. Cronje opreg dankbaar.

As opvolger is mnr. G. H. van Zyl aangestel, voorheen van die afdeling Verkeer. Hy het reeds telkens as stadsaalopsigter afgelos, en glo dat hy nou 'n vreedsamer bestaan sal kan voer dan vroeër as verkeersinspekteur.

Mnr. F. W. Pohl, adjunk-stadsklerk, het op 30 Junie in die huwelik getree met mej. F. Wagner van die Strand. Ons gelukwense gaan aan die egpaar en ons verwelkom mevrou Pohl in die munisipale kringe. Ek verneem dat die enigste rede vir mnr. Pohl se keuse van die datum is dat dit nog betyds was om 'n laer tarief vir inkomstebelasting die volgende jaar te vang. Hy sal nog ver vorder in die lewe!

Meeste van die Raadslede hou nou vakansie en om hierdie rede is daar ook besluit om net een vergadering in Julie te hou.

---

Mayor's Parlour,
10th July, 1959.

## Expensive Stellenbosch

I appreciate the contribution of Mr. F. H. Stephens in the Eikestadnuus of the 26th June last. His sympathetic approach to the problems facing the Council is rather an exception to the rule, but criticism in any form is welcome, provided it is voiced publicly.

Mr. Stephens correctly diagnoses our chief ailment as being the high percentage of non-rateable properties in Stellenbosch. The latest analysis actually shows a further deterioration, and I fear that the Council will have to devise some scheme of relief for the rateable properties. In the course of 1958 representations were made to the Borckenhagen Commission to point out the financial loss incurred by the Council in respect of non-rateable properties, but it seems that we shall have to wait for a very long time before any reports of this body will be published.

I also agree with Mr. Stephens that residential sites should be available at a price within reach of every family, and I sincerely hope that the planning of the Union Park area will be finalised without undue delay.

## Housing for Coloureds

Periodically the Council is reproached for not immediately embarking on an extensive housing scheme for Coloureds. I can only reply that we are fully aware of the very urgent needs of the Coloured community, but it must be realised that no positive steps can be taken before we know what areas will be demarcated for the various racial groups. Recently I intimated that the Minister concerned is expected to give his decision in the course of this year, and only then could one proceed with formal planning.

Town planning as such is a very complicated procedure these days, and tangible results in the form of new built-up residential areas cannot possibly be shown within a year or two. I wish, however, to emphasise that the Council has made all possible attempts to extract an early decision from the Government, thus far without success. There are, nevertheless, indications that the authorities concerned are becoming aware of the urgency of the situation, and an extensive survey is now being made by the National Housing Commission of the probable requirements.

In the meantime the Council cannot even suggest temporary relief measures. Squatting cannot be permitted as it offers no solution.

## Building Construction

I think we are generally agreed that the cost of the conventional form of building construction work in brick, concrete and steel is getting beyond the means of the average wage earner. This is the source of the perpetual problem of unauthorised temporary structures. It must, however, be understood that a temporary structure, whatever the term may imply, is not necessarily prohibited, and authority for its erection may be obtained on presentation of acceptable plans and specifications.

It seems to me that economic considerations will even-

tually compel local authorities everywhere to review their traditional policy of not permitting wooden structures which incidentally may conceivably be of just as permanent a nature as any brick building. Modern science should be able to provide adequate treatment for timber against dampness and fire, and experience elsewhere has proved that such buildings can be made much more attractive at a cheaper price. Effective control over plans and specifications should ensure sufficient protection against slum development, and I feel confident that a further exploration of the possibilities in this direction should prove worth while. I would like the public to inspect the experimental wooden sheds erected at Beltana by the Forestry Department.

## Municipal Voters' Roll

The annual revision of the Municipal Voters' Roll, to which attention was drawn some weeks ago, is now being finalised. The Revision Court will sit in the Council chamber on Tuesday, 14th July, 1959, at 10 a.m., to hear claims and objections regarding the enrolment of persons as voters, and determine thereon. The public is welcome to attend the sitting of the Court.

---

Burgemeesterskantoor,
17 Julie 1959.

## Verwydering van Straatbome

Gereeld word die Raad versoek om 'n straatboom te verwyder omdat dit in die een of ander vorm hinderlik is vir die eienaar wat 'n gebou of tuin in die nabyheid het. Telkens is die argument ook dat voëls wat in die bome skuil, die geboue bevuil tot groot ergernis en ongerief van die bewoners. Dit geld veral vir die ouer deel van die dorp waar die geboue in die reël reg op die straatgrense staan.

Die algemene beleid van die Raad is om geen boom te verwyder as dit enigsins verhoed kan word nie. Trouens, die eike in Dorpstraat is nasionale geskiedkundighede en enige verwydering is onderworpe aan die goedkeuring van die Monumentekommissie.

Dit beteken nie dat die Raad onsimpatiek staan teenoor die individu wat gegriefd voel nie. Inteendeel, ons is dikwels maar te bewus van die erns van die saak, dog die ervaring het geleer dat dit 'n onbegonne taak sou wees om te probeer vasstel in watter geval verwydering geregverdig is en wanneer nie. Ons is ook daarvan bewus dat daar baie eienaars is wat die ongerief verduur maar nooit kla nie — altans nie in die openbaar nie. Vir hul stilswye is ons innig dankbaar. Dis maklik genoeg om te beweer dat die Raad sy goeie oor-

deel kan gebruik wanneer hy moet besluit of so 'n versoek geregverdig is, maar diskresie is betreklik en dit sou moeilik gaan om twee persone te vind wat eenders oor die saak voel. Die Raad bestaan uit twaalf lede, en iemand het voorheen reeds verwyt dat ons soms meer as twaalf opinies oor 'n saak het!

Wat die voëltjies betref, sien ons ook nie kans om oorlog te verklaar nie. In Parow en elders was daar al 'n aardige doenigheid oor die vraag of hoenders en dergelike wesens 'n bestaansreg in die gemeenskap het, en nou kan 'n mens jou verbeel watter herrie daar los sal wees as ons met die voëls begin peuter. 'n Vindingryke gees het by my aanbeveel dat ons 'n paar oortollige geen-parkeringstekens wat die strate versier, in die bome moet ophang, of dat ons die Raad se prokureurs moet aansê om die nodige geregtelike stappe teen die oortreders te doen.

## Outomatiese Telefoondiens

Ons het verneem dat die Staat nou besluit het om die nuwe telefoonsentrale te bou op die perseel net ten weste van die nuwe landdroskantore. Die vertraging is te wyte aan die langdurige gesoek na 'n geskikte terrein, maar die Departement Poswese kan nou voortgaan met die ontwerp van die geboue en die installasie. Ek verstaan dat dit minstens twee jaar neem om die toerusting te vervaardig. Intussen het ek persoonlike besprekings met die Posmeester-generaal gevoer met die oog op 'n opknapping van die bestaande diens, en ek meen stellig dat daar 'n aansienlike verbetering te bespeur is. Ons is terdeë bewus van die haglike toestande waaronder die poskantoorpersoneel plaaslik moet werk. Daar is net nie genoegsame ruimte nie, en ons kan opreg dankbaar wees vir die diens wat ons kry ten spyte van die persoonlike ongerief van die personeel. Afgesien van die nuwe sentrale, sal die Departement waarskynlik binne afsienbare tyd verplig wees om 'n heeltemal nuwe poskantoor op 'n ander terrein te bou, aangesien die bestaande perseel te klein vir verdere uitbreidings is.

## Katte en Rotte

Dit wil voorkom asof daar 'n klein bommetjie onder die sakelui gebars het in die vorm van 'n kennisgewing dat diegene wat voedsel hanteer, geen katte mag aanhou nie, soos voorgeskryf deur 'n gesondheidsregulasie. Sakemanne argumenteer glo dat hulle die katte moet aanhou om die rotteplaag te bestry. Nou ja, die aangeleentheid word by die volgende Raadsvergadering op 21 deser bespreek, en voorlopig kan ek nie aandui wat die Raad se standpunt sal wees nie.



PRO EC. 7/59—11238